


God is baie lief vir mense! Selfs nadat Hy baie kansse gee, stuur hy mense om vir Israel boodskappe te gee. God wil hê dat mense weer moet terugdraai na Hom toe.

Die verskillende dele van die hele storie



In hierdie deel van die Bybel is God se koninkryk steeds stukkend. Israel wou nie na God luister nie en ander volke het hulle weggevat uit hul eie land uit om as slawe te werk. God stuur profete (mense wat boodskappe van God af kry om vir mense te gee). Die profete gee boodskappe van hoop oor God se mense, God se plek en God se reëls.

God sê in Jesaja 49:6 - “Jy is my dienaar, jy moet die Israëliete terugbring, die mense wat oorgebly het van die stamme van Jakob. Maar dit is nie genoeg nie, jy moet nog meer doen, jy moet die lig vir die ander volke wees, Ek wil al die mense op die aarde red.”


In Jesaja 65:17 belowe God - “Ek sal nou 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde maak. Niemand sal weer dink aan hierdie hemel en aarde wat nou hier is nie, niemand sal dit onthou nie.

In Jesaja 9:5-6 hoor ons van God se nuwe koning, Jesus wat gaan kom! “Ja, 'n kind is vir ons gebore, die Here het vir ons 'n seun gegee, en die kind sal koning word. Hulle sal hom noem: Die man wat wonderlike planne kan maak, Die man wat oorlog kan maak soos God, Die man wat altyd vader is, Die koning van vrede. 6Hy sal 'n belangrike koning wees, en daar sal altyd vrede wees.

Die profete kom sê vir ons dat God se liefde nooit 'n einde het nie en dat Hy altyd planne maak om dinge reg te maak. Hy dra ons styf teen Sy hart en kom maak alles nuut wat stukkend was.

Wat maak ons?

Knip die vierkant op die volgende bladsy uit en vou dit op die lyne langs om 'n *chatterbox* te vou soos op die prentjie. Klank die letters van elke profeet se naam, kies dan 'n nommer en kyk of jy dan by 'n versie uit daardie profeet se boek uitkom



<p>AMOS</p>	<p>8</p> <p>Ek sal hulle help, en hulle sal in hulle eie land woon Amos 9:15</p>	<p>7</p> <p>Ek sal hulle gesond maak.... Ek sal baie lief wees vir hulle Hosea 14:5</p>	<p>HOSEA</p>
<p>1</p> <p>Hulle is soos 'n huis wat omgeval het... maar Ek sal die huis weer bou Amos 9:11</p>			<p>6</p> <p>Ek sal luister na julle gebed en Ek sal vir julle sorg Hosea 14:9</p>
<p>2</p> <p>...die Here sal sy volk beskerem. Die Israelliete sal veilig wees by Hom. Joel 3:16</p>			<p>5</p> <p>U sal altyd lief wees vir die nageslag van Abraham. Miga 7:17</p>
<p>JOËL</p>	<p>3</p> <p>...Ek, die Here, sal in Jerusalem woon. Joel 3:21</p>	<p>4</p> <p>My God sal luister na my gebed. Miga 7:17</p>	<p>MIGA</p>